

	<h1>Geloftevolk Koördineringskomitee</h1> <p><a href="http://www.volksvergadering.co.za">www.volksvergadering.co.za</a></p>
	<p>Posbus 17305 Bainsvlei 9338</p>  <p>Vonkpos: vrkomitee@gmail.com Telefoon: 082 455 4303 Faks: 086 619 2695</p>

## VIERDE VERBONDSMAAL EN KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

**Datum en Plek:** D.V. 23-26 Maart 2016 te Holfontein Geloftefeesterrein tussen Ottosdal en Lichtenburg.

### TEMA:

**Miga 4:5b** “maar óns sal wandel in die Naam van die HERE [JHWH] onse God vir ewig en altoos.”

In hul strewe na ‘n menswaardige heenkome is die Natalse Voortrekkers byna deur die inboorlinge uitgemoor en het hulle in daaropvolgende kommando optrede die Zoeloemag tegemoet getrek, maar nie sonder hul oorgawe aan die Almagtige God van hemel en aarde nie.

Met selfbeskikking in gedagte, word die Gelofte van Wasbankspruit tot Bloedrivier gesluit en onderneem hulle dat as die HERE vir hulle die oorwinning gee, hulle vir Hom ‘n HUIS SAL STIG TOT NAGEDAGTENIS VAN SY GROOT NAAM WAAR DIT HOM BEHAAG en dat hulle Hom sal bly smee vir hulp en bystand totdat die Gelofte volbring is, en dat hulle die dag van die oorwinning in ‘n boek sal aanteken en dit bekend sal maak tot aan hulle laaste nageslag, sodat dit ter ere van God gevier mag word.

Met die stigting van die huis sou die Voortrekker ideaal van ‘n Teokratiese bedeling bewaarheid word, maar het hulle jammerlik nie al die bepalings van die Gelofte nagekom nie en na vier jaar annekseer Brittanje die Natalse Republiek en word die werke van hul hande verwoes – *Pred.5:3-5 - ...Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?*”

Tot vandag toe is die Huis nie gestig nie en bly dit ‘n onafgehandelde saak. Die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK] beywer hul daarvoor. Vir meer hieroor, sien die dokument - Die Vervulling van die 1838 Gelofte - [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

Dit wat vir die Voortrekkers ‘n ideaal was, is nou ons verpligting. Ons kan nie vir beter gevra het nie. Die kontrak tussen God en ons as nageslag [sien eindnota <sup>1</sup>] van die Voortrekkers baan die weg vir ons selfbeskikking.

Die stigting van 'n huis, is net soos die aflegging van 'n gelofte, Bybelse begrippe en kom dié Gelofte neer op die implimentering van 'n Volksregering volgens Bybelse wette, soos opgeteken is in 1Sam.25:28 en 1Kon.11:38. Binne hedendaagse begrip staan dit as 'n Teokrasie bekend. Dit vra vir 'n diepe inkeer tot God, waar ons sal bely dat ons Sy Oppergesag en Leiding erken, soos verwoord in die aanhef van die 1961 Grondwet. Om dit in die praktyk te stel sal enig van sy soort in die wêreld wees. Dit is nie 'n saak wat sonder interaksie met die HERE [JHWH] kan geskied nie, aangesien die Huis [Volksregering] gestig moet word waar dit Hom behaag – sien eindnota <sup>ii</sup>.

In die aanloop tot ons vrywording nooi die GKK elke toegewydene uit na die vierde Konsilie en Volksherenking van die Verbondsmaal van die Geloftevolk van Suid-Afrika. Hierdie oproep om as volk die Nagmaal [Verbondsmaal] saam te gedenk, gaan terug na die dae van Hiskia, toe die volk uitermate afvallig was en die Tempel vir baie jare toegesluit was [2Kron.28, 29 en 30].

Dit is algemeen bekend dat Goeie Vrydag se Gregoriaanse datum jaarliks wissel. Die rede daarvoor is dat die eerste volmaan na die Maart ewening [14 Abib] die Skriftuurlike datum is waarop die Pasgalam geslag moes word en dat dit tydens Sy kruisiging met die Juliaanse Vrydag saamgeval het. Dit getuig dus van meer as een kalender wat 2000 jaar gelede van krag was. Daarom maak vandag se kalender opstellers nog steeds van die volmaan na die Maart ewening gebruik om Goeie Vrydag se datum aan te kondig. Die aand van 23 Maart 2016 is hierdie jaar die aangewese Skriftgegronde datum vir die herdenking van die Nagmaal as teken van die Nuwe Testament/Verbond – 1Kor.11:23-26.

Tydens vorige konsilies is onder andere aanvaar dat:

- A. Die 1933/53 vertaling van die Bybel die enigste aanvaarbare Afrikaanse vertaling is waarvan die Masoretiese Teks en die Textus Receptus dien as Brontekste. Latere Vertalings wat op bv. Westcott en Hort se Teks gegrond is, is verwerp.
- B. Dat vermenging met andersoortige volke lei tot fisiese en geestelike hoerery en met die dood strafbaar was (Biliams verleiding - Num.25:1-9) en tans in terme van Openb.2:12-29 en Esra 10 steeds 'n ernstig sonde is.
- C. Dat Siener van Rensburg 'n werktuig was in die Hand van die Lewende God.
- D. Dat die gebruikmaking van die lot om ons Hemelse Vader se wil te wete te kom, Bybels is.
- E. Dat ons deel uitmaak van die Uitverkore volk van God 3 Enig en
- F. Dat ons as volk vir mekaar ruimte moet maak m.b.t. die eervolle gebruik van die Hebreeuse/Griekse Heilige Name.

Die volledige besluite van die konsilies is beskikbaar op: [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

## **VERBONDSMAAL VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA**

**Woensdag 23 Maart**      Verbondsmaal / Nagmaal:

18h00 – 19h00      Elke gesin bring hul eie voorafbereide maaltyd asook hul ongesuurde brood en vrug van die druiwestok saam waartydens die herdenking van dié instelling sal plaasvind.

19h00                      Herdenkingsdiens

## **KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA**

Die taak van die konsilie is om eietydse geloofs-vraagstukke binne die Geloftevolk aan te spreek. Die volgende besprekingspunte sal D.V. tydens die beoogde konsilie ter sprake kom:

### **Donderdag 24 Maart**

08h00- 08h45      Opening, verwelkoming en ordening.  
08h45 – 09h15      Die omvang van die stigting van die Huis van Bloedrivier.  
09h15 – 10h00      Bespreking  
10h00 - 10h15      Blaaskans  
10h15 -10h45      Die behoud van karakterdiversiteit binne die eenheid van die Geloftevolk.  
  
10h45 - 11h15      Bespreking  
11h15 - 11h45      Wat vereis die Skrif van ons m.b.t. Sabbatsonderhouding.  
11h45 – 12h15      Bespreking  
12h15 – 12h45      Die oorkoming van hindernisse ter stigting van die Huis van Bloedrivier.  
  
12h45 – 14h00      Ete – selfvoorsienend.  
14h00 – 14h30      Bespreking  
14h30 – 15h00      Die erkenning van die Koningskap van Jahshuah (Jesus) in ons daaglikse lewe.  
  
15h00 – 15h30      Bespreking  
15h30 – 15h45      Blaaskans  
15h45 – 16h15      Die Koningskap van Jahshuah (Jesus) in die huis van Bloedrivier.  
  
16h15 – 16h45      Bespreking  
16h45 - 17h00      Dag afsluiting

### **Vrydag 25 Maart**

08h00- 08h45      Opening, verwelkoming en ordening.

08h45 – 09h15	Godspraak aan die Gelooftevolk deur die visioene aan Siener v Rensburg tydens ons uur van beproewing.
09h15 – 10h00	Bespreking
10h00 – 10h15	Blaaskans
10h15 – 10h45	Hoe dien ons as Gelooftevolk Koning Jahshuah (Jesus) met 'n volkome hart.
10h45 – 11h15	Bespreking
11h15 – 11h45	Die vernietiging van die Tempel van JHWH [die HERE] d.m.v. verassing.
11h45 – 12h15	Bespreking
12h15 – 12h45	Waar is My eer?
12h45 – 14h00	Ete – selfvoorsienend.
14h00 – 14h30	Bespreking
14h30 – 15h00	Die totstandkoming van die Volksgemeente in Koning Jahshuah (Jesus) ons Messias.
15h00 – 15h30	Bespreking
15h30 – 15h45	Blaaskans
15h45 – 16h15	Skriftuurlike en Geskiedkundige Evangelisasie van die Verbondsvolk.
16h15 – 16h45	Bespreking
16h45 – 17h00	Dag afsluiting

### **Saterdag 26 Maart**

09h00 – 09h30	Opening, verwelkoming en ordening.
09h30 – 10h30	Voorlegging en goedkeuring van die besluite.
10h30	Afsluiting van die Konsilie.
10h30 – 11h00	Blaaskans
11h00	GKK vergadering.

### **Padbeskrywing na die terrein:**

Vanaf Coligny neem die Hartbeesfontein pad vir 24km, draai regs op Bospoortpad vir ongeveer 29,4 km. Afdraai na regs op Holfonteinpad (grondpad) vir ongeveer 1km, by huis aan linkerkant draai regs deur motorhek weer vir ongeveer 1km tot op die terrein.

Vanaf Hartbeesfontein neem die Colignypad vir ongeveer 28km. Draai dan links op die Bospoortpad en volg die res van die aanwysings soos hierbo.

Vanaf Ottosdal neem die Bospoortpad vir 13.3km. Draai dan links op Holfontein pad vir ongeveer 1 km. Kyk uit vir motorhek op regterkant regoor huis [op linkerkant].

Vanaf Lichtenburg neem die Ottosdal pad vir 57 km draai links op Holfonteinpad (grondpad) vir 12km. Motorhek dan op linkerkant regoor huis.

GPS koördinate: E 26.11064° S 26.73275° (E 26° 6' 38,304" S 26° 43' 57.9")

<sup>i</sup> Asook die nageslag van die Burgers van die ZAR wat volgens die Paardekraal Gelofte (1880) hul opnuut aan die Bloedrivier Gelofte verbind het

<sup>ii</sup> Sien die verslag: Die vervulling van die Bloedrivier Gelofte – [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)